Skoolgeld: Onthou van afslag

Talle ouers kwalifiseer daarvoor

Alet Rademeyer

PRETORIA. – Selfs ouers wat 'n gesamentlike bruto inkomste van tot soveel as R630 000 per jaar verdien, kwalifiseer vir afslag op skoolgeld in openbare skole wat van die duurste in die land is.

Die styging van skoolgeld wat volgende jaar gemiddeld 10% of hoër is, het sommige ouers warm onder die kraag.

'n Paar ouers, wat meen hulle kan nie die buitensporige hoë skoolgeld bekostig nie, het gesê dié neiging sal nie uitgeroei word solank skole met mekaar meeding en wil kyk wie die meeste sportakademies, beste afrigters en geriewe soos astro-bane kan hê nie.

Volksblad het vroeër verwys na skole waarvan die skoolgeld baie hoër is as die nasionale gemiddeld van R5 000 per jaar per kind.

In 'n ontleding wat gedoen is volgens die regulasies vir skoolgeld-kwytskelding is bevind ouers met 'n gesamentlike inkomste van R500 000 per jaar is geregtig op 3,16%-afslag op skoolgeld van R15 800 per jaar. Dit is R499,28. Met 'n kind in 'n skool wat R19 500 per jaar vra, kan dié ouers R760,50 afslag kry.

Ouers met 'n inkomste van R630 000 per jaar kan in die eerste skool se geval R396,25 afslag kry en in die tweede R603,57. (Sien hiernaas hoe die formule werk.)

'n Ouer van 'n gegoede skool in Pretoria, wat anoniem wil bly, het gesê baie ouers is onbewus dat hulle vir skoolgeld-kwytskelding kwalifiseer en doen hulself en hul kinders tekort in 'n poging om die hele bedrag te betaal.

Mnr. Paul Colditz, uitvoerende hoof van die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (Fedsas), het gesê ouers kan nie oor skoolgeld kla nie omdat hulle dit self bepaal.

Hy het gesê ouers moet die jaarvergadering bywoon en beswaar aanteken teen items waarvoor na hul mening onnodig begroot word.

Colditz meen 'n situasie van "trying to keep up with the Joneses" onder sekere ouers lei inderdaad daartoe dat hulle vergeet dat vir alles wat hulle begroot uit die skoolgeld betaal moet word.

Dr. Elda de Waal, onderwyskenner verbonde aan die Noordwes-universiteit, meen skole moet kinders uitdaag om hul potensiaal te ontwikkel. "Die probleem is dat sommige skole perspektief verloor oor tot op watter vlak hulle moet gaan om kinders uit te daag.

" 'n Rolls-Royce is nie altyd nodig om 'n doelwit te bereik nie.

"Iets is ernstig in openbare skole verkeerd as dit nie langer meer oor die gemiddelde kind met die gemiddelde ouers gaan nie. Dan het ons die hele punt van openbare onderwys gemis.

"Ons moet steeds onthou hoe Suid-Afrika lyk en dat openbare skole ruimte vir ander kinders moet maak."

Mnr. Graeme Bloch, onderwysontleder, meen hoe meer geleenthede daar vir kinders is, hoe beter. Hy glo nie 'n skool moet sy begroting sny as hy 'n astro-baan kan bekostig nie.

"Ons moet liewer probeer om meer kinders geleenthede en toegang tot sulke geriewe te gee." So word berekeninge gedoen

DIE vlak van kwytskelding vir skoolgeld word bereken op grond van albei ouers se gesamentlike bruto inkomste, die presiese bedrag skoolgeld en die aantal kinders wat ouers in openbare skole het.

As ouers byvoorbeeld net een kind op skool het, die skoolgeld R2 500 per jaar is, hul bykomende bydrae R20 beloop en hul gesamentlike inkomste R150 000 per jaar is, is die skoolgeld ingevolge die formule 2% van hul inkomste. Hulle kwalifiseer nie vir kwytskelding nie.

As skoolgeld egter 3,5% van ouers se inkomste is en hulle net een kind op skool het, kwalifiseer hulle vir 7% kwytskelding.

Sien die grafika vir die berekening.